
# Die noodsaaklikheid van 'n Badkamer.

Deur GERARD MOERDIJK, A.R.I.B.A.


As daar oor badkamers gepraat word, moet ek altijd denk aan die Londonse werkman, wat, toen hij met sij vrou 'n nuwe huurhuisie bekijk, uitroep: „Wat 'n mooi badkamertjie! Waarvoor sou ons dit kan gebruik?" Daar sit meer in die grap as wat oppervlakkig skijn, iets wat ons almal ter harte kan neem. Die antwoord is natuurlik, „'n badkamer word gebruik om in te bad." Maar laat ons die badkamers 'n bietjie nagaan en ons sal vind, dat dit vir allerhande dinge gebruik word, b.v. om wasgoed in te bêre, as pakkamer, partijkeer selfs as spens om boter in te bêre omdat dit daar so lekker koel is. 'n Badkamer is 'n noodsaaklikheid aan 'n huis, maar dit moet ook alleen gebruik word om in te bad en vir niks anders nie. Daarom is dit altijd geraai om die badkamer so klein moontlik te maak, dat daar geen ruimte gemors word, of dat die versoeking om dit vir ander doeleindes te gebruik, nie te groot is nie. Dit is beter om van die oorbodige ruimte 'n aparte bergkamer te maak.




PLATTE GROND

Soos ek gesê het, 'n badkamer is 'n noodsaaklikheid in 'n huis. Die huise uit vorige tijdperke, selfs groot huise, wat deur gegoede mense gebou was, het selde 'n badkamer bevat, maar ons tijd is nou anders. Toen het die mense meer in die ope gelewe, hulle het geswem in riviere ens., maar dit is nou nie meer so moontlik nie. Om gesond te blij moet ons ons vel skoon hou. Die vel van 'n mens is nie somaar soos 'n lap gomelastiek nie, dit is 'n hoogst ingewikkelde meganisme. Mens kan sonder sij vel geen minuut lang lewe, dit bevat duisende porië of klein gaatjes, waar die sweet deur kom en waar die ligaam deur kan uit wasem. As hierdie gaatjes opgestop word, dan is dit te begrijp dat die slegte gasse ens. in die ligaam blij. Die vel kom gevolgelik vol klein puisies en seertjes, die gesondheid word benadeel en in die ergste gevalle word siekte veroorsaak. Om die porië oop te hou en te sorg dat dit nie opgevul word met vetgehaltes nie, moet die vel deeglik met seep gewas word en as ons so nou en dan 'n warm bad kan vat, so veel te beter. As warm water handig is word dit 'n groot gerief. Laat die afgematte en met stof bedekte besigheids- of werksman maar self probeer, of 'n warm bad vóór die aandete nie meer stimulerend en verfrissend is nie, as 'n glas wijn of bier of ander sterk drank. In 'n moderne huis word 'n badkamer met 'n warmwater installasie dan ook as 'n onmisbare iets beskou. Dit sal geen nut hê as ek hier die werking van 'n warmwater installasie beskrijf

II





PLATTE GROND


Badkamer met aardewerk bad, 1 voet diep, in getegelde vloer ingebou.

nie; dit is iets wat in sij geheel gekoop moet word, en wat tog nie deur 'n ieder gemaak kan word nie. Daar is verskillende stove verkrijbaar met die hele warmwater installasie kompleet.

As gevra word of ons hedendaagse konstruksie van 'n badkamer goed is, kan die antwoord nie anders wees nie dan dat dit beter moes wees, maar selfs onse badkamers soos nou ingerig kon aanmerklik verbeter word. B.v. onder die bad, waar 'n hout beskot om is, is 'n ideale versamelplek vir vuilis en mikrobe, en dit is baie sindeliker om die bad geheel vrij te laat staan, sodat daar onder en om skoon gemaak kan word. Die tijd kom egter aan waar die vorm van die bad self geheel moet verander word. As ons 'n bietje oor die saak nadenk, sal ons tot die konklusie kom, dat die bestaande vorm van bad geheel verkeerd is. In die eerste plaats is die materiaal waarvan die bad gemaak is nie goed nie. Ons neem 'n maklik verroesbare materiaal soos ijster en probeer dit te verbeter met emaille, terwijl dit tog baie beter sou wees om die hele bad van aardewerk te maak. Daar is niks wat hygiënies so perfekt is nie, as 'n geglasuurde bad van aardewerk; niks hou so lang of kan gemakliker skoon gemaak word. Dan die vorm van ons bad is verkeerd. Dit is moeilik om daar in te klim en nog moeiliker om daar weer uit te kom, veral vir bejaarde mense. Dokters raai ons herhaaldelik om heeltemaal onder die water te kom as ons bad, en om te voorkom dat die water oor die kante spat, word die bad onnodig hoog gemaak. Dan nog word die bad so glipperig van die seep, dat dit moeilik is om lekker te was, sonder om te glij. Dit sou tog geriefliker wees of self 'n bad te bou soos die twede illustrasie en naar die volgende beskrijwing. Die mure moet wees van geglasuurde tegels of stene, die plafon van wit sement pleister, die vloer moet bestaan uit ongeglasuurde tegels met klein ribbetjes, om glipperigheid te voorkom, die riggeltjes moet naar die middel van die badkamer afloop, die bad met 'n plat boom, moet in die vloer self wees en dit is onnodig om dit meer as een voet diep te maak. Daar moet 'n sproei wees, wat vanuit die bad self kan oop en toe gemaak word. In so 'n badkamer kan mens lekker bad en rondspartel, sonder om gemors te maak.




DEURSNEE




DEURSNEE

Die morele effek van absoluut sindlikheid word so algemeen toegegee, dat ek hier nie verder daaroor hoef uit te wij nie, behalwe om die aandag daar op te vestig, dat indien dit nodig geag word vir mense in gegoede omstan-

*dighede, en die skoon werk doen, soos in klerikale betrekkings,* hoeveel meer is dit dan nie nodig nie vir diegene wat landarbeid doen, of ander werk waar mens vuil van word. In grote stede waar daar publieke warm baaie en swembaaie is, daar is die koste so hoog, dat dit bo die vermoge van die werkman is om ieder dag 'n bad te neem; daarbij kom nog miskien dat dit vêr weg is van sij woonplaas. Dit sou veral vir arm mense van die grootste nut wees as in ieder huisie 'n bad was, met 'n voldoende toevoer van warm water.

Die afvoer van die water uit die bad lewer 'n ander moeilikheid op. In 'n stad waar riolering is, gaat dit alles goed, maar op dorpe en plase moet daar self voorsiening gemaak word. Daar is verskillende goeie maniere om die water weg te krij, b.v. die „Vivian Poore" stelsel, „Cess Pool" stelsel, ‚French Drain" stelsel en nog andere min of meer ingewikkelde sisteme. Gewoonlik op die plase loop die water somaar oor die grond en dit gee gemors af, veral waar dit aan die skaduwee kant van die huis is. Indien dit nie anders moontlik is nie, laat dan tog die water aan die sonkant van die huis uitloop, sodat dit kan opdroog, en nie aan die skaduwee kant of onder bome nie; dit gee 'n morsplek af en 'n broeiplek vir skadelike mikrobe. 'n Maklike manier om vuil water uit kombuis en badkamer weg te krij, is soos die volgende beskrijwing. Daar moet 'n konkreet bak van ongeveer 18 duim vierkant, met 'n rooster daaroor om blare ens. uit te hou, onder die uitloop-plek gemaak word. Hierin pas 4-duims erde pijpe wat die water naar 'n groot sloot in die grond lei. Die sloot moet ongeveer 6 voet diep en 12 voet lang wees. Vul dit dan op met klippe en gebroke bakstene, maar sorg goed dat daar geen grond in kom nie. Dek die sloot dan sorgvuldig toe met sinkplate ongeveer 1 voet diep onder die oppervlakte, en gooi dan toe met grond. Op so'n manier loop die water tussen die klippe deur en suig weg diep onder die grond, sodat daar geen las is van vetterige bad- en kombuis water.

# *Die Blom- en Groentetuin*

## *in JUNIE.*

deur N. M. VEGTER.

Ofskoon die volgende maand die beste is vir snoei en plant, kan mens darem nou al begin met die snoei van vrugtebome, rose, sierbome en blomstruike, en ook begin plant; maar dit spreek vanself dat dit alleen geld vir die warmer distrikte; vir die kouere is dit beter om te wag tot Julie of Augustus.

Alle tuingrond wat nie in gebruik is nie moet nou vir sovêr moontlik bemis en omgespit word, en ook moet dit net so bewerk word tussen roosbome en vrugtebome. In die blomtuin kan die volgende soorte nou gesaai word: Leeubekkies, gousblom, angeliere, madeliefies („daisies") gaillardias, grasangeliere, viole („pansies") petunia, phlox, sirerte, duisendskone („sweetwilliams") en verbena.

Verskillende Kaapse bolle, anemone, ranonkels, lelies, narsens kan nog geplant word.

In die groentetuin kan die volgende nog gesaai word: Groot boontjies, beet, wortels, cress, slaai, uie, radijs, spinasie.

### DIE INWIN VAN SAADAARTAPPELS.

Ofskoon daar baie saadaartappels gekoop word, is dit miskien van nut om te weet hoe mens self saadaartappels kan win, en sukses daarmee hê. Die uitsoek en behandel van saadaartappels is van groot gewig, as mens dit met goeie gevolg wil plant. Menigeen weet miskien deur ondervinding hoe om saadaartappels te win, maar dit neem nie weg nie dat daar baie verkeerde denkbeelde omtrent aartappelbou reeds wortel geskiet het, en dit nie alleen nie, maar baie saadaartappels word hier vir goeie verkoop wat darem tog nie deug nie.

Die idee dat klein aartappels die beste vir saad is is algemeen versprei, maar elke verbouer weet goed dat die waarde van klein aartappels afhang van die oorsaak van hulle kleinheid. Die wat klein is omdat hulle nie rijp is nie, maar wat van plante kom wat goed opgebreng het, kan gebruik word; maar klein aartappels wat van 'n plant kom wat niks as 'n paar kleintjies voortgebreng het kan nie gebruik word vir saad nie, want hulle kom heel waarskijnlik van 'n swak of sieklike plant. Daarom is dit nie goed om saadaartappels uit 'n hoop of sakke te soek nie, en tog word dit veel gedaan. Die uitsoek moet op die land gedaan word, terwijl die aartappels van elke plant nog uitgesprei lê.

Mens kan natuurlik ook reeds gedurende die groei uitsoek, deur die best gestoelde plante te merk; die moet in geen geval lang lote hê nie; hoe dikker en kragtiger die skeute is, soveel beter is die saadaartappels.

Dit mag 'n groot besparing wees om klein aartappels vir saad te gebruik vir die groot oes, maar vir vroeg aartappels is dit beter om goeie grotes te neem. Vir die groot oes is dit best om hulle die grootte van 'n hoendereier te neem. Dit skijn die beste dat hulle nie heeltmaal rijp is nie, maar net begin rijp te word. Sommige beweer dat wanneer die skil nog enigsins loslaat is dit die beste tijd vir saadaartappels. Die begin spoedig te kiem, terwijl saadaartappels wat rijp of oorrijp is, baie langsaam en sleg kiem.

In vogtige distrikte word die lowwe nie so gou rijp as in warm en droge distrikte nie, daarom bestaan daar meer kans in eersgenoemde distrikte om goeie saadaartappels te win as in laasgenoemde.

Plante met swak, dun, lang of kort lote deug nie vir saad nie want die is reeds verloop, swak of sieklik.

As bogenoemde raadgewing in praktijk gebreng word sal gesien word wat 'n voordeel dit inbreng, want die opbrengs per plant verskil veel; die een breng miskien ponde gewig op terwijl die ander maar soveel onse opbreng. Goeie bewerking en bemesting is waardeloos as die saadaartappels nie eerste kwaliteit is nie.

Goeie saadaartappels is in die reel duur en daarom kon die bostaande wenke in praktijk gebreng word deur elke jaar slegs 'n gedeelte nuwe saadaartappels te koop, om daarvan vir een of twee jaar te teel. Sodoende kan mens die grote uitgaaf vir saadaartappels verminder, en tog op 'n goeie opbrengs reken.

Die beste teken dat 'n soort terug gaan of verloop is dat dit lang dun lote gee, en nog 'n ander is dat die uitgeplante saadaartappels nie gedurende die groei van die nuwe plant verrot nie maar so hard word en heel blij. Geïmporteerde saadaartappels van 'n koel klimaat, al naar die soort, gee vir die eerste jaar 'n groter opbrengs dan saad wat mens self gewen het, maar na een of twee jaar 'n kleiner opbrengs, en indien langer geteel gaan dit heeltemal terug en gee slegte en geen oes. In ligte grond gee selfs die eerste jaar se nateel slegte resultate, dus is dit nie raadsaam as mens sulke grond het, om self saadaartappels te win nie.